NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za – tans onder konstruksie.
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

21 Junie 2023: Nr 21/2023

Warmnuus

CMR Noord – dit is ons storie

Danie van Rensburg [Voorsitter: CMRN Beheerraad] skryf: "Na 'n jaar van uitgebreide mediadekking kry die CMR Noord nou die regverdige geleentheid om hulle kant van die verhaal te vertel.

Kyk die episode van ***Swartskaap 2*** *eerskomende Donderdagaand, 22 Junie om 20:00 op VIA, Kanaal 147 (DStv) en hoor die egte verhaal.*

CMR Noord het vir bykans 70 jaar nood, omvattend verlig en 'n lewensveranderende verskil in duisende volwassenes en kinders se lewens gemaak. Dit bring steeds veerkragtige hoop aan gemeenskappe binne die knellende omstandighede van ons tyd".

Sinodenuus

Verskil

Neem asseblief kennis: In die lig van die skoolvakansie gaan die volgende uitgawe van die nuusbrief eers weer op *21 Julie* verskyn. Ons wens almal wat op die pad sal wees 'n veilige reis toe.

Saakgelastigdekursus 2023

Die eerste saakgelastigdekursus het op *12-13 Junie* by Buffelspoort plaasgevind. Kerkkantoorpersoneel van Brits, Rustenburg, Harties, Koedoeskop, Lyttleton, Ventersdorp en Piet Retief het die geleentheid bygewoon.
Die aanbieders was die personeel van die sinode-huis, Jan Venter van Winkerk, Neels Nothnagel van Finkerk en Collette de Wet van die Argief in Stellenbosch.
Die kursus was prakties en baie leersaam. Almal het ingespring en die argief van die plaaslike gemeente op datum gebring.
Baie dankie aan Theo Oosthuizen [leraar van Magaliesberg Gesinskerk] vir die inisiatief en reël van die kursus. Ons maak binnekort weer so in die noordelike gedeelte van ons Sinode.

Finansiële state

Baie dankie aan gemeentes wat reeds hulle getekende Finansiële State 2022/23 vir Sandra/Rehan gestuur het. Hiermee versoek ons vriendelik dat die uitstaande getekende state ons nie later nie as *30 Junie* bereik.

❖ Leraar en gemeenteleiers

Dagboek die datum: *21-23 Augustus*
Waar: eMseni konferensiesentrum
Koste: R2600 pp
Bespreek: Ester Steyn: esters@ngkerk.org.za.

Lourens Bosman skryf namens die *In Pas*-werkgroep: “Die In Pas-werkgroep bied weer werkswinkels aan vir leraars en gemeenteleiers oor hoe om met *In Pas* in die gemeente af te skop. Tydens hierdie “oefenkampe” stig ons ook oefen-gemeenskappe wat die gemeentes help om mekaar verder te ondersteun en by mekaar te leer. Die oefenkamp vir die Noorde van die land is by eMseni Konferensiesentrum naby Kemptonpark.

❖ Survivorkamp

Maandag 26 – Vrydag 30 Junie

Spesiaal vir Grade 8 – 11’s Badseloop Mookgophong
Kliek hier vir die *inligtingsbrief*. Kliek hier vir ’n bemarkingsvideo.
Kampleier: Ds André Botha 079 516 7641 / Inskrywings: Anita Hurn 015 491 3537 (hurnanita@gmail.com).

❖ Hospitaal

Jessica Pretorius [Eggenote van Willem van Rustenburg-Proteapark] ontvang Donderdag 22 Junie haar laaste chemo-behandeling. Daar lê egter nog ’n operasie en bestraling voor.

❖ Bewegings

Theo Oosthuyzen word op Sondag *23 Julie* in Krokkodilrivier as leraar bevestig.

❖ Verjaarsdagwense

18/06 Arno Meiring [Universiteitsoord]; Willem Kritzinger [Emeritus]
21/06 Driaan Brits [Pierneefrant]
24/06 Fanie Joubert [Emeritus]
28/06 Eddie de Waal [Daspoort]; Jannie du Plessis [Emeritus]
29/06 Tienie Bosman [Suidoos-Pretoria]
01/07 Pieter Strümpfer [Emeritus]
04/07 Edwald Bosch [Emeritus]
05/07 Coenraad Bekker [Emeritus]
09/07 Bennie Powell [Montana]; Kobus Mouton [Emeritus]
11/07 Bernard van Wyk [Thabazimbi]; Theunis Botha [Emeritus NHK]
12/07 Botha van Aarde [Groenkloof / SKDBM]
13/07 Sampie Niemand [Emeritus]
14/07 Pieter Jordaan [Rustenburg-Bergsig]
15/07 Hein Eslin [Limpopo]; Christiaan Ackerman [Eldoraigne]
16/07 Naudé Kritzinger [Wonderboompoort]
17/07 James Kemp [Emeritus]
19/07 Tjaart Meyer [Kremetart]; Cobus van Wyngaardt [Pretoria]
21/07 Petro Jonker [Rietfontein-Suid]
22/07 Rehan Rheeder [Villieria / Sinodehuis]; André Joubert [Emeritus]; Pieter Visser [Wierdapark]

18/06 Marie Botha [Eggenote van Michiel, emeritus]
21/06 Pieter Erasmus [Eggenoot van Jeanri, Lynnwood]
27/06 Arista Mouton [Eggenote van Kobus, emeritus]
28/06 Riana Burger [Eggenote van Frans, Rietfontein-Noord]
30/06 Lindy Bootha [Eggenote van Corné, Magalieskruin]; Lourens Grobler [Eggenoot van Paullette, Pierneef]
01/07 Lizette Joubert [Eggenote van André, emeritus]
03/07 Janet Wiegand [Eggenote van Hein, Capital Park-Concordia]
05/07 Andéne Devenish [Eggenote van Pieter, Rooihuiskraal]
07/07 Anneke Rheeder [Eggenote van Rehan, Villieria / Sinodehuis]
08/07 Joa van Aarde [Eggenote van Botha, Groenkloof / SDKBM]
09/07 Tineke Grobler [Eggenote van Frik, emeritus]
20/07 Magda Benadé [Eggenote van Tinus, Thabazimbi]
21/07 Thea Horn [Eggenote van wyle Hennie, emeritus]
22/07 Sannie-Esther van Staden [Eggenote van Etienne, Soutpansberg]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Dalunie [20/06/1928] **>>>**
Sanddrift [24/06/1944]
Booysen [23/06/1950]; Wonderboompoort [24/06/1950]
Rietfontein-Noord [27/06/1952]; Waverley [28/06/1952]
Groenkloof [19/06/1953]
Ellisras-Wes [25/06/1980]

Waterkloof [04/07/1957]
Andrew Murray, Pretoria [18/07/1976]
Pretoria-Dowes [06/07/1980]

❖ Universiteitsoord

KASKAR is weer terug!

Op *9 Augustus* vanaf 13:00 gaan ons groot feesvier by NG Universiteitsoord. Ons wil jou uitnooi om hierdie jaar se Bazaar weereens saam met ons te kom geniet. Skryf jou span in vir ons kaskar-resies of kom eet net lekker saam. Daar gaan allerhande kosstalletjies wees. Ons hoop julle is saam met ons opgewonde dat Kaskar weer vir die eerstekeer kan plaasvind sedert 2019. Vir meer inligting, hou ons webwerf dop www.universiteitsoord.co.za.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023: Kliek hier.
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Brugbediening
Doel: Verandering van predikant in ‘n gemeente laat so ’n gemeente in ’n tyd van onsekerheid, totdat ‘n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brugpredikante op te lei vir die fastilitering tydens hierdie oorgang. **Datums:** Week 1: 31 *Julie - 4 Augustus* / Week 2: *30 Okt - 2 Nov.* **Kursusleier**: Prof Malan Nel; **Koste:** R2 800; **Plek:** Stellastraat. **VBO Punte**: 70. **Kontak:** Irene Thomas, 012 420 4952/irene.thomas@up.ac.za.

Ander nuus

❖ Hugenote Kollege

Verkeie kursusse word deur die *Skool vir Teologie en Bediening* asook die *Skool vir Maatskaplike Hervorming* aangebied. Besoek www.hugenote.com.
Navrae: 021 873 1181 / applications@hugenote.com.

❖ Vakatures

Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Rustenburg-Proteapark
Voltydse leraarspos: Kliek hier vir die volledige advertensie.

Die gemeente word tans deur een jeugwerker en twee voltydse leraars bedien waarvan een leraar *Maart 2024* die gemeente groet.
Sluitingsdatum: *30 Junie.* **Diensaanvaarding**: *1 Januarie 2024*.

Rustenburg-Suid
Voltydse leraarspos: Kliek hier vir die volledige advertensie.
Sluitingsdatum: *10 Julie*.

Warmbad
Leraaspos: Kliek hier vir die volledige advertensie. *Slegs Gelegitimeerde Proponente en predikante van die NG Kerk kan aansoek doen.*
Sluitingsdatum: *12 Julie*

Wonderpark
Musiekkoördineerder: **Kliek hier** vir die volledige advertensie.
Sluitingsdatum: *17 Julie*. **Diensaanvaarding**: *1 Augustus.*

Warmbad-Wes
Voltydse leraarspos (Vlak 4 van sinodale riglyne): **Kliek hier** vir die volledige advertensie.
Diensaanvaarding: *1 September* of soos onderling ooreengekom.

Sinode van Wes-Kaapland
Multi-media inhoudskepper - Op versoek van bogenoemde sinode word dié advertensie geplaas:

"Die NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) het 'n voltydse pos beskikbaar in Bellville vir 'n **multi-media inhoudskepper** om die bestaande kommunikasiespan uit te brei. Hierdie dinamiese, kreatiewe storieverteller sal verantwoordelik wees vir die skep van multi-media inhoud soos videos/podcasts/sosiale mediaplasings in lyn met die kommunikasiestrategie onder leiding van die kommunikasiebestuurder". **Kliek hier** vir die volledige advertensie.

Naskrif